higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Eerste vraestel)
NKR VLAK 4

(3011004)

18 Februarie 2025 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordboek van 14 bladsye.

038Q1S2518

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 4
(Eerste vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK (aangeheg).
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Moenie enige bladsye uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.
4. Toon alle berekeninge.
5. Gebruik die tabel hier onder om jou te help met die tyd wat jy aan die beantwoording van elke vraag bestee.
6. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Kortvrae	30	27 minute
2	Berekeningvrae	30	27 minute
AFDELING B			
3	Aansuiwerings	40	36 minute
4	Wins-en-verliesberekeninge	30	27 minute
5	Finansiële state	50	45 minute
6	Invloed op die rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
		200	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Watter van die volgende verteenwoordig die rekeningkundige vergelyking korrek?

A Bates = Verkope – Koste van verkope
B Laste = Bates + Eienaarskapitaal
C Eienaarskapitaal = Bates + Laste
D Bates = Eienaarskapitaal + Laste

1.1.2 Die volgende is 'n lys bates in die boeke van Arc Stores soos op 31 Desember 2023, die einde van die finansiële jaar. Alle bates is op 31 Desember 2022 gekoop.

Grond @ kosprys	R425 000
Toerusting @ kosprys	R96 000
Motorvoertuie @ kosprys	R128 000

Waardevermindering word op kosprys @ 10% op al die toepaslike bates bereken.

Die waardevermindering op grond is ...

A R42 500
B R9 600
C R12 800
D R0

1.1.3 Verwys na die inligting in VRAAG 1.1.2.

Bereken die netto drabedrag vir toerusting wat op 31 Desember 2023 in die balansstaat aangeteken sal word.

A R96 000
B R9 600
C R86 400
D R64 900

1.1.4 Waardevermindering is 'n ... in 'n onderneming.

A bedryfslas
B inkomste
C bedryfsbate
D uitgawe

Kopiereg voorbehou

1.1.5 Dit is NIE 'n basiese beginsel in rekeningkunde nie:

A Inkomste verhoog die eienaarskapitaal.
B Bates verhoog die kredietkant van die algemene-grootboekrekening.
C Uitgawes word in die inkomstestaat aangeteken.
D Laste verhoog aan die kredietkant.

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 'n Handelsvoorraadtekort word in die balansstaat aangeteken.

1.2.2 Aan die einde van die finansiële jaar word die verkoperekening na die handelsrekening afgesluit.

1.2.3 Die bedrag vir debiteuretoelatings moet van die bedrag vir debiteurekontrole in die na-aansuiweringsproefbalans afgetrek word.

1.2.4 Die bankoortrekking is 'n bedryfslas vir die onderneming.

1.2.5 'n Netto verlies verminder die eienaarskapitaal.

(5 × 1) (5)

1.3 Die volgende lys algemene-grootboekrekeninge verskyn in die rekords van Quick Fix Stores op 31 Desember 2023, die einde van die finansiële jaar:

1.3.1 Vaste deposito: Cola Bank (9%)

1.3.2 Voorafbetaalde uitgawes

1.3.3 Koste van verkope

1.3.4 Krediteurekontrole

1.3.5 Inkomste vooraf ontvang

1.3.6 Slegte skuld

1.3.7 Verkope

1.3.8 Bank (Kt)

1.3.9 Handelsvoorraad

1.3.10 Slegte skuld verhaal

Kopiereg voorbehou

GEVRA:

Dui elk van die bostaande algemene-grootboekrekeninge met 'n 'X' langs die toepaslike vraagnommer in een van die kategorieë in die tabel in die ANTWOORDBOEK aan.

Voorbeeld: Voertuig

	BATES	EIENAARSKAPITAAL	LASTE
Voorbeeld	***X***		

(10)

1.4 Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.

Verkope		625 000
Debiteuretoelatings		3 600

GEVRA:

1.4.1 Bereken die koste van verkope (toeslag is 125% op koste). Rond na die naaste rand af. Toon alle berekeninge. (3)

1.4.2 Onderskei tussen die doel van 'n inkomstestaat en dié van 'n balansstaat. (4)

1.4.3 Waarom is die inkomstestaat 'n baie nuttig instrumente vir alle eienaars van ondernemings? (1)

1.4.4 Gee TWEE moontlike redes waarom die bruto wins in 'n onderneming baie meer is as die netto wins. (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Die volgende inligting is uit die rekords van Phakati Traders op 30 September 2023, die einde van die finansiële jaar, onttrek.

Uittreksels uit die vooraansuiweringsproefbalans:

Huurinkomste	R99 420

BYKOMENDE INLIGTING (AANSUIWERINGS)

- Huur van R2 400 per maand vanaf SH Properties tot 31 Mei 2023. 'n Jaarlikse verhoging van 10% op huur is vanaf 1 Junie 2023 geldig.
- Huur van R3 850 is op 30 September 2023 van DD Agencies ontvang maar is verkeerdelik na die rekeninge vir kommissie ontvang gepos.
- 'n Nuwe huurooreenkoms is tussen Phakati Traders en TMN Rental Agencies opgestel wat op 1 September 2023 van krag word. Maandelikse huur van R1 980 moet op die 25ste van elke maand aan TMN Rental Agencies betaal word. Die paaiemente vir twee maande is ontvang en deur die onderneming aangeteken.

2.1.1 Berei die rekening vir die huurinkomste in die algemene grootboek van Phakati Traders op 30 September 2023 voor. Sluit die rekening korrek af. (9)

2.1.2 In watter finansiële staat sal die huurinkomste aangeteken word? (1)

2.2 Die volgende saldo's verskyn in die boeke van Gina Machinists op 31 Julie 2023, die einde van die finansiële jaar.

Bank (ongunstig)	R18 700
Kleinkas	R2 450
Kaskontant	R5 200

Die volgende transaksies is in die boeke van die onderneming aangeteken:

- Die eienaar het sy kapitaal op 30 Julie 2023 met R20 000 verhoog.
- Skryfbehoeftes is op 31 Julie 2023 vir R500 aangekoop. Tydens inskrywing is die rekening vir die kaskontant verkeerdelik met hierdie transaksie gedebiteer. Stel die fout reg.
- Die eienaar neem op 31 Julie 2023 R500 uit die kleinkas vir brandstof vir sy persoonlike voertuig.
- R5 000 is op 31 Julie 2023, die laaste dag van die finansiële jaar, aan SGI Incorporated vir rekenmeestersgelde betaal.
- 'n Debiteur, P. Nkosi, het 50% van sy uitstaande saldo op 31 Julie 2023 betaal. Sy totale saldo was R27 800.

2.2.1 Gebruik die inligting wat hier bo verskaf is om die bankrekening in die algemene grootboek van Gina Machinists op 31 Julie 2023 te voltooi en te balanseer. (9)

2.2.2 In watter nota tot die balansstaat sal die gunstige banksaldo aangeteken word? (1)

2.2.3 Voltooi die nota tot die balansstaat op 31 Julie 2023 waar die kaskontant aangeteken word. Toon al die berekeninge tussen hakies. (7)

2.2.4 Joernaliseer die regstelling van die fouttransaksie op 13 Julie 2023. Geen omskrywings is nodig nie. (3)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Die volgende vooraansuiweringsproefbalans is op 31 Mei 2023, die einde van die finansiële jaar uit die rekords van De Flora Relax Spa onttrek.

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN DE FLORA RELAX SPA OP 31 MEI 2023

	FOL	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeninge-afdeling					
Kapitaal (1 Junie 2022)	B1			550 000	00
Trekkings	B2	58 400	00		
Toerusting	B3	136 800	00		
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B4			27 400	00
Voertuie	B5	440 000	00		
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B6			126 400	00
Grond en geboue	B7	420 000	00		
Handelsvoorraad	B8	17 600	00		
Bank	B9	4 900	00		
Kleinkas	B10	1 500	00		
Kaskontant	B11	1 200	00		
Debiteurekontrole	B12	39 450	00		
Vaste deposito: Khao Bank (10%)	B13	225 000	00		
Lening: Maya Bank (13%)	B14			320 000	00
Voorsiening vir slegte skuld	B15			3 205	00
Krediteurekontrole	B16			41 760	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			669 950	00
Koste van verkope	N2	222 202	00		
Debiteuretoelatings	N3	4 400	00		
Bankkoste	N4	3 000	00		
Verbruiksvoorraad	N5	976	00		
Skoonmaak	N6	7 897	00		
Rente op vaste deposito	N7			22 500	00
Rente op lening	N8	23 400	00		
Bruikhuurkoste	N9	31 400	00		
Verversings	N10	12 405	00		
Huurinkomste	N11			50 000	00
Personeelopleiding	N12	14 980	00		
Telefoon	N13	24 505	00		
Lone	N14	57 400	00		
Water en elektrisiteit	N15	63 800	00		
		1 811 215	00	1 811 215	00

Kopiereg voorbehou

AANSUIWERINGS

1. Waardevermindering op voertuie en toerusting word soos volg voorsien:

   1.1 Voertuie teen 10% per jaar op die verminderdesaldo-metode. Neem in ag dat 'n nuwe voertuig op 31 Maart 2023 vir R150 000 vir Thai Massage On the Go aangekoop is. Hierdie inskrywing is nie in die onderneming se boeke aangeteken nie.

   1.2 Toerusting teen 12% per jaar op die reguitlynmetode.

2. 'n Fisiese voorraadopname op 31 Mei 2023 het die volgende voorraad voor hande opgelewer:

   - Handelsvoorraad R16 000
   - Verbruiksvoorraad R400

3. Drie nuwe werkgewers het 'n opleidingskursus van twee weke in Thai massering teen 'n koste van R5 600 per werknemer bygewoon. Die betaling aan die opleidingsmaatskappy is steeds betaalbaar.

4. 'n Debiteur, S. Molefe, het verdwyn sonder om haar rekening vir Mei te betaal. Sy het weeklikse masserings @ R300 elk ontvang (daar is 5 weke in Mei 2023). Sy kan nie opgespoor word nie en is nou insolvent verklaar. Vyf-en-sestig persent van haar skuld is uit haar boedel ontvang. Die saldo moet as oninvorderbaar afgeskryf word. Geen inskrywing ten opsigte van hierdie transaksies is aangeteken nie.

5. Pas die voorsiening vir slegste skuld van debiteure tot 6% aan.

6. Op 1 Januarie 2023 het die onderneming 'n bykomende lening van R150 000 by Maya Bank geneem om skade as gevolg van 'n ernstige storm aan die eiendom te herstel. Die lening is korrek in die onderneming se boeke aangeteken. Pas die rente op die lening aan.

   GEVRA:

   Teken die aansuiwerings in die algemene joernaal van De Flora Relax Spa op 31 Mei 2023 aan. Omskrywings is nie nodig nie. Rond alle antwoorde tot die naaste rand af. Waar toepaslik, toon alle bewerkings op die antwoordblad. **[40]**

VRAAG 4

GEVRA:

Maak die volgende rekeninge in die algemene grootboek van Andamanda Traders oop en pos die sluitingsinskrywings daarheen. Balanseer/sluit die rekeninge op 30 November 2023 af:

4.1 Kapitaalrekening (5)

4.2 Verkoopsrekening (4)

4.3 Versekeringsrekening (5)

4.4 Wins-en-verlies-rekening (waar nodig, toon alle bewerkings) (16)

Die volgende na-aansuiweringsproefbalans verskyn op 30 November 2023, die einde van die finansiële jaar, in die boeke van Andamanda Traders.

NA-AANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN ANDAMANDA TRADERS OP 30 NOVEMBER 2023

	FOL	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeninge-afdeling					
Kapitaal (1 Desember 2022)	B1			350 000	00
Trekkings	B2	26 000	00		
Vaste deposito: Surin Bank (12%)	B3	65 000	00		
Grond en geboue	B4	100 000	00		
Motorvoertuie	B5	175 000	00		
Opgehoopte waardevermindering op motorvoertuie	B6			35 400	00
Toerusting	B7	86 400	00		
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B8			19 800	00
Handelsvoorraad	B9	52 500	00		
Bank	B10	17 360	00		
Kaskontant	B11	800	00		
Debiteurekontrole	B12	33 899	00		
Voorafbetaalde uitgawes: Versekering	B13	2 050	00		
Opgeloopte uitgawes	B14			1 980	00
Krediteurekontrole	B15			55 555	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			526 491	00
Koste van verkope	N2	222 400	00		
Debiteuretoelatings	N3	1 800	00		
Slegte skuld	N4	4 000	00		
Slegte skuld verhaal	N5			3 650	00
Waardevermindering	N6	8 400	00		
Elektrisiteit en water	N7	33 333	00		
Algemene uitgawes	N8	4 444	00		
Versekering	N9	24 950	00		
Rente op vaste deposito	N10			7 800	00
Regskostes	N11	18 150	00		
Verpakkingsmateriaal	N12	4 300	00		
Eiendomsbelasting en diensgelde	N13	36 450	00		
Salarisse en lone	N14	63 400	00		
Telefoon	N16	20 040	00		
		1 000 676	00	1 000 676	00

[30]

VRAAG 5

Gebruik die inligting wat op 31 Desember 2023, die einde van die finansiële jaar, uit die boeke van Similan Traders onttrek is om die volgende voor te berei:

5.1 Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2023. (25)

5.2 Balansstaat soos op 31 Desember 2023. Toon SLEGS die vereiste notas in die ANTWOORDBOEK.

OPMERKING: Waar toepaslik, toon alle bewerkings tussen hakies.
Rond die antwoorde tot die naaste rand af. (25)

AANSUIWERINGS

1. Ontvang R1 125 van 'n debiteur, S. Van Der Merwe, wie se rekening voorheen as slegte skuld afgeskryf is. Hierdie inskrywings is nie in die onderneming se boeke aangeteken nie.

2. Waardevermindering op toerusting en voertuie is soos volg verskaf:

   - Voertuie teen 10% per jaar op die verminderdesaldo-metode.
   - Toerusting teen 11% per jaar teen die kosprysmetode.

3. 'n Debiteur, S. Mazibuko, het verdwyn en kan nie opgespoor word nie. Skryf sy skuld van R1 234 as oninvorderbaar af.

4. Skep voorsiening vir slegte skuld teen 6% van debiteure.

5. 'n Fisiese voorraadopname op 31 Desember 2023 het die volgende voor hande opgelewer:

   - Handelsvoorraad R48 000
   - Verpakkingsmateriaal R300

6. Die eienaar het R300 uit die onderneming se bankrekening onttrek om data vir sy private selfoon te koop. Geen inskrywing is vir hierdie transaksie gemaak nie.

7. Die onderneming betaal R1 250 per maand vir regskostes (voor die verhoging). Op 1 Januarie 2024 is die regskostes met 10% verhoog. Die onderneming het reeds die regskostes tot 31 Maart 2024 betaal.

Kopiereg voorbehou

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN SIMILAN TRADERS OP 31 DESEMBER 2023

	FOL	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeninge-afdeling					
Kapitaal (1 Januarie 2023)	B1			450 000	00
Trekkings	B2	40 500	00		
Grond en geboue	B3	200 000	00		
Voertuie	B4	256 400	00		
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B5			72 400	00
Toerusting	B6	154 500	00		
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B7			40 760	00
Handelsvoorraad	B8	49 600	00		
Bank	B9			33 279	00
Kleinkas	B10	1 000	00		
Debiteurekontrole	B11	49 463	00		
Verbandlening: Racha Bank (11%)	B12			50 000	00
Krediteurekontrole	B13			32 690	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			431 190	00
Koste van verkope	N2	199 900	00		
Debiteuretoelatings	N3	1 690	00		
Rekenmeestersgelde	N4	14 600	00		
Slegte skuld	N5	3 050	00		
Rente op lening	N6	5 500	00		
Regskostes	N7	19 125	00		
Verpakkingsmateriaal	N8	1 980	00		
Drukwerk en skryfbehoeftes	N9	3 600	00		
Eiendomsbelasting	N10	23 980	00		
Huurgeld ontvang	N11			66 000	00
Salarisse en lone	N12	85 460	00		
Telefoon	N14	10 991	00		
Water en elektrisiteit	N15	54 980	00		
		1 176 319	00	1 176 319	00

[50]

VRAAG 6

Ontleed die transaksies uit die boeke van Follow your Coral Boutique op 31 Maart 2024, die laaste dag van die finansiële jaar. Die onderneming verkoop klere.

Dui die rekeninge in die algemene grootboek aan wat gedebiteer en gekrediteer moet word. Toon die uitwerking van die elemente op die rekeningkundige vergelyking. Toon 'n toename met 'n +, 'n afname met 'n – en geen effek nie met 'n 0.

Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die transaksies te ontleed.

VOORBEELD:

Betaal Caltex vir brandstof, R200 kontant.

Nommer	ALGEMENE GROOTBOEK		INVLOED OP DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING		
	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eienaarskapitaal Ekwiteit	Laste
Voorbeeld	*Brandstof*	*Bank*	*- 200*	*- 200*	*0*

GEVRA:

6.1 Die eienaar neem R700 uit die onderneming se bankrekeninge vir 'n verjaardagete vir sy seun en 'n vriend.

6.2 Die saldo van die handelsvoorraad in die proefbalans op 31 Maart 2024, die laaste dag van die finansiële jaar, was R268 222. Volgens die fisiese voorraadopname op daardie datum, was die waarde van die voorraad voor hande R265 000.

6.3 Die onderneming het sedert 2019 huurinkomste van R3 600 per maand ontvang. Daar was 'n jaarlikse verhoging van 5% in huurgeld effektief vanaf 1 Januarie 2024. Die huur vir April 2024 is reeds ontvang. Teken slegs die aansuiwering aan.

6.4 Die onderneming skenk 40 dogtersrokke van R400 elk en 25 sweetpakke vir seuns teen R300 elk aan die Miracle Mission Children's Home vir Kersfees.

6.5 Versekering is tot Mei 2024 betaal. Maandelikse verskeringspremies is R5 000. Teken slegs die aansuiwering aan.

(5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou